



Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

8 Maart 2021

OUEROMSENBRIEF 4 VAN 2021

Beste JV-ouers/-voogde

Baie dankie vir u ondersteuning aangaande die Covid 19-reëlins tot op hede. Skole het ongelukkig nog geen nuwe direkteur vanaf die minister ontvang nie en ons bly dus tans by die reëlins met die rotasieooster en sport soos voorheen aan u deurgegee.

As gevolg van die terugskuiw na vlak een en omdat ons graag alle planne ten opsigte van die pandemie so glad as moontlik wil laat verloop, wil ek graag die volgende onder u aandag bring:

1. TOEGANG TOT DIE TERREIN

Persone wat die skool wil besoek vir noodgevalle / betaling van skoolgeld.

- Sekuriteit by die hoofhek, moet die persoon se temperatuur neem. Indien dit 37.5 °C en laer is, mag die persoon inkom.
- Die persoon word deur sekuriteit gesanteer.
- Die persoon voltooi die besoekersregister by sekuriteit.
- Van daar sal die sekuriteit die persoon na die korrekte afdeling /persoon wat besoek word, vergesel.
- Slegs voetgangers word in die skoolterrein toegelaat.

Persone wat dokumente wil aflaai.

- Die persoon self teken die dokument in die register – deur die sekuriteit gegee – in.
- Die dokument word dan in die houer vir dokumente geplaas.
- Dokumente word dan aan die einde van die dag deur 'n kantoorpersoneelid na die algemene kantoor geneem of afgehaal.

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online

Persone vooraf gereël.

- Persone wat vir toegang vooraf met mnr. E. Coetzee gereël is, mag met hul voertuie die skool betree en voor die kantoor parkeer.
- Skandering, sanitering en inteken in die besoekersregister, word steeds by die hoofhek deur sekuriteit gedoen.
- Van daar sal die sekuriteit die persoon na die afdeling/persoon neem wat besoek word.

2. HEKKE WAAR LEERDERS DIE TERREIN VANAF DINSDAG, 9 MAART VERLAAT

GRAAD 8- EN 9-LEERDERS

- Leerders verdaag wanneer die eerste klok in die middag lui.
- Leerders verlaat die skoolterrein by die oostelike hek in Meyerstraat
- Die hek sluit 14:30
- Leerders wat ekstra klasse het of sport beoefen, verlaat die skoolterrein na die aktiwiteit (indien later as 14:30) by die hoofhek in Meyerstraat.
- **Fietse, motorfietse en motorvoertuie verlaat almal die skoolterrein by hek in 30ste Laan.**

GRAAD 10- TOT 12-LEERDERS

- Leerders verdaag as die tweede klok in die middag lui.
- Leerders verlaat die skoolterrein by die hek in 30ste Laan.
- Die hek sluit 14:30.
- Leerders wat ekstra klasse / tiende periodes het of sport beoefen, verlaat die skoolterrein na die aktiwiteit (indien later as 14:30) by die hoofhek in Meyerstraat.
- **Fietse, motorfietse en motorvoertuie verlaat almal die skoolterrein by hek in 30ste Laan.**

Totdat die draaisirkel in 30ste Laan in gebruik geneem word, in die tweede kwartaal, doen ek 'n beroep op ouers om asseblief geduldig te wees in die middag en alle verkeersreëls na te kom wanneer u die kinders kom oplaai. Daar is tans ouers wat in die middel van die straat voor die hek parkeer wat baie gevaarlike verkeersopeenhopings tot gevolg het. Maak asseblief ook gebruik van die kruisings by 28ste- en 29ste Laan om die druk op 30ste Laan te verlig. Ons kinders se veiligheid is van die grootste belang.

Papiere en rommel wat deur leerders neergegooi word wanneer hulle die terrein verlaat in 30ste Laan, het 'n onooglike probleem geword. Bespreek dit asseblief met u kind-ons sal ook 'n asblik daar plaas vir hulle gerief.

Leerders wat geen aktiwiteite na skool beoefen nie, moet asseblief nie na skool op die terrein rondrentel nie, maar moet onmiddellik verdaag. Leerders wat tot laat vir hulle ouers moet wag, kan binne die skoolterrein, by die sekuriteitswag, by die hoofhek in Meyerstraat wag.

3. MASKERS

Daar is 'n groot groep leerders wat die afgelope tyd die skoolterrein sonder maskers wil betree. **GEEN** leerder sal **in en op die terrein** sonder 'n masker toegelaat word nie - ons moet enige sodanige persoon ongelukkig wegwys.

4. LAATKOMMERS

Die personeel doen ons bes om alles by die skool glad te laat verloop. Daarom kan ons vir **GEEN LAATKOMMER** wag nie. Dieselfde personeel wat skandeer, moet in voogklasse kom wanneer die klok lui. Ek doen dus 'n beroep op u om seker te maak dat u kind **BETYDS** by die betrokke hek aanmeld. Indien 'n leerder laat is, kan u hom/haar by die hoofhek in Meyerstraat aflaai waar 'n personeellid hom/haar sal gaan haal sodra alle ander skoolaktiwiteite aan die gang is en ons 'n personeellid daarvoor kan afstaan. Die leerder gaan dan ongelukkig ook 'n laat-inskrywing ontvang wat negatief op sy/haar verslae reflekteer. Leerders wat van publieke vervoer gebruik maak, moet ook asb. sorg dat hulle betyds by die skool is.

Baie dankie aan elke ouer vir u begrip en samewerking ten opsigte van al ons versoeke en reëlins. Dankie dat u saam met ons streef om ons kinders veilig te hou en die skool van krag-tot-krag te laat gaan.

JV-groete



A DOWD

HOOF

